

Maandag 15 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 74:1-23

Fokusgedeelte: Psalm 74:1

Dit lyk of die Here hande agter die rug staan en toekyk!

Waar is U Here? Hoekom stoot U ons weg? Dalk is dit ook jou gebed. Here, hoekom gryp U nie in nie, hoekom staan U hande agter die rug en toekyk?

Dit is moeilik om met sekerheid te sê oor watter geskiedenis die gedeelte gaan. Na alle waarskynlikheid verwys die Psalmdigter na die Babiloniërs wat Israel verslaan het en hulle weggevoer het in ballingskap.

Hierdie gebeure het die volk platgeslaan. Hulle weet nie wat aangaan nie. Hoekom verstoot die Here sy volk? Hulle was soos ons gekonfronteer met 'n magdom "waarom"-vrae. En die waarom-vrae sal seker nooit ophou nie. Wanneer iets slegs in ons lewe gebeur het, sal ons altyd wonder. Maar dit beteken nie die Here is afwesig nie, daarom moet ons in sulke tye vashou aan ons belydenis.

Dit is wat die Psalmdigter gedoen het. Hy voel op die stadium moedeloos, maar hy besef daar is hoop. Hy bely:

"God is van altyd af my koning." Hy voel dus asof die Here niks doen nie, maar sy belydenis oortuig hom van beter. Hy besef die Here het in die verlede hulle uit Egipte gered.

Daar was nog 'n dag in die geskiedenis van die kerk waar die Here se vyand dit waarop die kerk gehoop het, weggevat het. Jesus, God met ons, is gekruisig. Sy dissipels het vir drie dae nie geweet wat aangaan nie. Hoekom, Here? Hoe kan U net hande gevou staan en toekyk? Dit het dalk vir hulle so gevoel, maar in werklikheid was God besig met sy reddingsplan.

Hou vandag vas aan wat ons bely en weet die Here is by jou, al voel dit nie altyd vir jou so nie.

Sing: Psalm 74-1:1-3

Ds. DJ de Bruyn (Dirk) (Middelburg/Rhenosterberg/De Aar)